Mense is op verskillende plekke in hulle geestelike reis en gevolglik sal hulle behoeftes mbt community verskil. Die volgende verduideliking kan help wanneer ’n keuse vir ’n tipe groep gemaak word

3 verskillende groeperings nl:

- **Communio**
- **Koinonia**
- **Communitas**

    - **Communio** is ’n samekoms van mense wat net bymekaar wil wees, bv kleingroepe, luistergroepe
    - **Koinonia** is ’n samekoms van mense wat bymekaar kom om mekaar te ondersteun in die gesondmakingsproses, bv ondersteuningsgroepe by Wholeness
    - **Communitas** is ’n samekoms van mense wat bymekaar kom om saam iets te gaan doen, bv belangegroepe, projekgroepe.

Hoewel elke groep ’n spesifieke fokus het wat hulle bymekaar hou is dit nodig dat alle groepe aan die 3 bewegings (na God, na mekaar en na die wêreld) blootgestel word.

Watter beweging het jou groep nodig om aan blootgestel te word?

Julle word **uitgenooi** en **uitgedaag** om deel te neem aan die volgende blootstellings geleenthede:

Verhouding met God:

- Woon saam ’n retreat by Origins by
- Woon as groep die Klipkerk byeenkomste by
- Bou elemente van ’n luistergroep in jou groepbyeenkomste in
- Woon as groep Opwaarts by

Verhouding met ander:

- Maak dialoog deel van julle groepskultuur
- Luister na mekaar se stories en neem dit op video op, of skryf dit neer. Plaas dit op die webblad
- Eet en kuier meer saam
- Woon as groep Metwaarts by

Verhouding met die wêreld

- Besluit op ’n gee-jouself-projek en skep ruimte sodat elkeen volgens hulle gawes kan gee
- Gaan as groep saam op ’n Mosaïek Pilgrimage
- Wanneer jy dink en wonder of die Here jou groep in ’n sekere situasie wil gebruik, vat ’n kans en doen dit

Woon as groep Uitwaarts by